

7. WOORDSOORTE: WERKWOORDE, INFINITIEF EN DEELWOORDE



OEFENING 1: WERKWOORDE, INFINITIEF EN DEELWOORDE

1. Noem die DRIE (3) HOOFGROEPE waarin werkwoorde verdeel kan word.

2. Verduidelik die VERSKIL tussen 'n oorganklike en onoorganklike werkwoord.

3. Verduidelik aan die hand van *ondergaan* die VERSKIL tussen 'n skeibare en onskeibare werkwoord.

4. Verklaar hoe 'n mens die WEDERKERENDE werkwoord uitken.

5. Vul in: Wanneer die werkwoord saam met 'n ONPERSOONLIKE VOORNAAMWOORD gaan, is dit 'n _____ werkwoord.

6. Vul in: Werkwoorde wat begin met ____, ____, ____, ____, ____ en ____ kry nie **ge-** as premorfeem in die verlede tyd nie.

7. Gee die TWEE (2) hulpwerkwoorde van TYD.

8. Vul in: Die woorde *is* en *word* is HULPWERKWOORDE van _____.

9. Verklaar hoe 'n mens die MODALE HULPWERKWOORD herken.

10. Gee 'n voorbeeld van 'n KOPPELWERKWOORD en verduidelik hoe ons hierdie werkwoord uitken.

11. Verklaar hoe 'n mens die INFINITIEF uitken.

12. Vul in: Die TEENWOORDIGE DEELWOORD word gevorm deur die werkwoord + postmorfeem (agtervoegsel) _____, _____ en _____.

13. Verduidelik die VERSKIL tussen 'n swak en sterk verlede deelwoord.
